# Huisgeloof

Leef saam
HUISGELOOF

## WELKOM

Speel "Volg die leier". Een persoon loop voor en die ander moet agterna loop en sy of haar bewegings naboots. Gee vir almal in die huisgesin 'n beurt om die leier te wees.

Gesels saam:

- Hoe het dit gevoel om die leier te volg?
- Wat het gebeur toe iemand te vinnig, te stadig of op sy of haar eie pad geloop het?
- Hoe voel dit om iemand te vertrou om jou te lei?

## WONDER

Lees Miga 6:1-8 saam.

Gesels saam:

- Wat beteken dit vir julle om te doen wat reg is by die huis of by die skool?
- Hoe kan ons liefde bewys aan mense wat ons dalk nie altyd verstaan nie?
- Wat beteken dit om nederig die pad saam met God te loop? Hoe lyk dit in 'n gewone dag?
- Dink aan 'n voorbeeld waar iemand in julle gesin al een van hierdie dinge gedoen het.

## WEES

Laat almal in die huis hulle voetspore op 'n skoon vel papier aftrek en uitknip. Gesels oor die dinge wat julle kan doen om "saam met God te loop". Skryf of teken dit op die voetspore.

## WEGSTUUR

Plak julle voetspore onder mekaar op die deur wat julle die meeste gebruik om uit die huis te gaan. Dit moet lyk of die voetspore 'n pad vorm. Bid saam en vra dat God julle sal help om hierdie pad te stap.